

25 NOVEMBER 2018

Tyd	Erediens	Prediker
08:30	Informele diens	Dr. Nina Müller v Velden
10:00	Tradisionele diens	Dr. Nina Müller v Velden
19:00	Vernuwingsdiens Gr 7-10 Kategese afsluiting	Ds. Lourens Bester

TIENDE OFFERS WORD ONTVANG

Die gemeente se jaarlikse Tiende Offers word gedurende November en Desember ontvang. In die banke en in die portaal is Tiende Offerkoeverte. Neem gerus een huis toe en oorweeg biddend wat jy vir die Here wil gee. Dit kan weer in die dankoffermandjie tydens die erediens ingegooi word of by die kerkkantoor ingegee word of via EFT oorbetal word. Hier is die kerk se bankbesonderhede:

NGK Kraaifontein-Die Parke
Rek. Nr. 1147123691 (tjek)
NEDBANK
Takkode 123209

'n Ster kom te voorskyn

KERSSPEL – 1 EN 2 DESEMBER OM 19:00 IN DIE SAAL.
 Gratis kaartjies (vir die Sondagaand) beskikbaar by die kerkkantoor.
 Deurkollekte sal opgeneem word.

KERSSANGDIENS

Sondagaand 9 Desember om 19:00.

DIE VOLGENDE NUWE LIDMATE HET BY DIE GEMEENTE AANGESLUIT:

Mathys Petrus Matthee (jnr); Lambert Hendrik Matthee; Mathys Petrus Matthee (snr)

DIENS VAN BARMHARTIGHEID

1. Kerspakkies: Ons gaan weer hierdie jaar Kerspakkies uitgee na die Kersdiens. Om die bokse te vul benodig ons die volgende (blikkies moet ASSEMBLIEF "easy open lid" wees):

• Corned beef	231 blikkies
• Suikermielies	141 blikkies
• Baked beans	131 blikkies
• 200ml vrugtesap of 300ml koeldrank	151 houers/blikkies
• Koekies	306 pakkies
• Klein pakkies chips	59 pakkies

 Vir enige navrae, kontak Amanda McCarthy by 072 611 4214.
2. Dankie vir die twee dames wat al ons gesinne hierdie jaar geborg het met 'n ekstrasjapie vir hulle kospakkies wat uitgaan Desember, asook geskenke. Daar is egter nog 2 gesinne wat swaar kry, maar nie deel vorm van die barmhartigheidsgesinne nie: gesin A (2 volwassenes en 3 kinders) en gesin B (4 volwassenes en 2 kinders)
3. Fisantekraal: Ons hou 'n partytjie vir ongeveer 70 laerskool kinders in Fisantekraal en benodig hamburgerrolletjies, patties, chips, olie, tamatiesous, uie, gewone pakkies chips en koeldrank. En as iemand kans sien om 70 waslappe en 70 koekies seep te skenk, sal dit baie waardeer word.
4. Klereverkope: Die **laaste klereverkope** van die jaar vind plaas op **Vrydag 30 November** tussen 09:00 en 12:00 op die parkeerterrein voor die kerk. Eetgoed sal weer te koop aangebied word.

Vir enige navrae oor diens van barmhartigheid, kontak Sanet by dvb@parke.co.za